INVERSIE

Dit verwys na 'n rit van die "executives" in hul Mercedesse op pad huis toe na hul dag se werk.

# Mercedesrit in die aand – Willem Krog

"m"-alliterasie: hef uit dat hulle met moeë strak

Dun- nie veel om die lyf nie – nie van veel betekenis nie.

Saamgeperste lippe en kyk reguit voor hulle en is dus onbetrokke by die omgewing buite die motor.

Sit hulle met **m**onde **m**oeg gesluit
yl langs sy enkel weerkaatsing in die ruit
die **executives** van die stad wat huis toe gaan

Hooggeplaaste uitvoerende beamptes van 'n maatskappy / staatsdiens – YL + Engels toon sprekers se minagting

Mense is die skemerte buite/ onbevoorregte mede-stadsbewonders / verstotelinge / bedelaars

Skaduweekinders gly verby
stukkende bedelvaandels wapper wanhopig
in die swartpad op soek na **k**os en **k**leed

Maar hier is die plakkate (kartonne) waarop versoeke vir kos +klere geskryf is – vir oorlewing?dit "wapper" nie regtig nie – dalk net rondgeswaai

teerpad

"k"-aliiterasie

Mercedes is duur, deftig en blink en het ,'n ster op sy neus.

Die vaartuig blink in ster geklink
sagte leer omhul die stuurman aan die wiel
betaal uit opbrengs van die slawemaal

Wys op die gemak van die bestuurder, sit gemaklik, maar lei ook 'n gemaklike lewe

Betaal deur die uitbuiting van minder gegoede mense

Inversie, hef **yl uit.**

Sikliese slot – net reëls draai om

Yl langs sy enkel weerkaatsing in die ruit
sit hulle met monde moeg gesluit
die executives van die stad wat huis toe gaan

Volrym: Bind gedig tot eenheid: Beklemtoon weereens die "executives" se onbdetrokkeneheid by die bedelaars.

"Assignaat" (2014) – Die bundeltitel hou verband met die finansiële wêreld van die "executives", want assignant is iemand aan wie 'n wissel uitgemaak is.

**Vaartuig** i.p.v voertuig (r.7) – **Vaar** gee die gedagte van beweging sterker deur as voer : Die bestuurders ry waarskynlik baie vinnig. "**Vaar**" sluit ook aan by sukses nl. Hy **vaar** goed in sy werk.

Let op **kontras(**stylfiguur) tussen "stukkende bedelvaandels" (str.2) en "sagte leer" in str. 3. Die motor met duursame(sagte) leerbekleedsels verweer moeilik, sowel as die bestuurder wat goed geklee is + beskerm is teen elemente, terwyl die bedelaars verflenter (stukkend) is a.g.v. blootstelling aan wind en weer.

Indirek word heel mense(ryk) met stukkende mense(arm) gekontrasteer.

**Agtergrond**: Die digter roep 'n bekende stadstoneel uit hedendaagse SA op en hy rig sy blik veral op die "executives" (rykes) wat met hul duur motors op pad is huis toe na werk.

Die verteller vereenselwig hom met die bedelaars en distansieer hom van die Mercedes – bestuurders wat bedelaars nie raaksien nie.

Dit is 'n **tipiese hedendaagse protesgedig** waarin Krog kritiek uitspreek teen amptenare wat wins maak uit die hul bevoorregting ten koste van diegene wat deur slegte omstadighede hul aan die buitekant v.d. samelewing bevind – d.w.s. – hy lewer sosiaal kritiek op mense wat in hul rykdom floreer, terwyl armes krepeer.

**Strofebou**: tersines(sluit aan by Eybers se gedig : Busrit in die aand). Hierdie gedig gebruik E.Eybers se gedig : Busrit in die aand as interteks – so die gedig is,'n **neweteks** van haar gedig.